

Hospitaal- en dagprosedurenetwerke

By Medihelp is ons daartoe verbind om toegang tot gehaltesorg wat gerief, bekostigbaarheid en kundigheid kombineer aan ons lede te bied. Ons het sorgvuldig 'n netwerk van privaat hospitale en dagprosedurefasiliteite uitgesoek wat verseker dat lede die beste sorg ontvang wanneer hulle dit nodig het.

Ons netwerk is gebou op 'n strategiese vennootskap met vooraanstaande hospitale en spesialiste in elke provinsie. Fasiliteite is geleë waar lede woon, wat verseker dat sorg toeganklik en bekostigbaar is.

Netwerkplanne: 'n Hospitaalnetwerk in vlakke vir bekostigbaarheid

Om te help om ledegeld bekostigbaar te hou, gebruik Medihelp 'n hospitaalnetwerk wat in vlakke verdeel is:

Vlak 1 – MedMove! en MedVital Elect

Vlak 2 – MedAdd Elect en MedReach

Vlak 3 – MedPrime Elect

Lede op hierdie planne moet hospitale op hulle betrokke vlak gebruik om bybetalings van tot 35% van die hospitaalrekening te vermy.

Wenk: Netwerkplanne is dalk nie geskik vir lede wat gereelde hospitaal- of voortdurende chroniese sorg en 'n wyer keuse van verskaffers nodig het nie.

Netwerkplanne: Dagprosedurenetwerke

Sekere dagprosedures word slegs gedek indien dit in een van ons dagprosedurefasiliteite uitgevoer word. Dit geld vir alle dagprosedures vir lede op MedMove!. Jou goedkeuringskrediet sal aandui of jy in die netwerk sorg moet ontvang.

Hierdie prosedures sluit in:

- Oftalmologiese prosedures;
- Oor-, neus- en keelprosedures;
- Endoskopiese prosedures;
- Verwydering van velletsels;
- Besnydenis; en
- Tandheelkundige prosedures.

Let asseblief daarop dat lede van die nienetwerkplanne hierdie prosedures in 'n agprosedurefasiliteit moet laat doen, maar dit hoef nie netwerkfasiliteite te wees nie.



Vind 'n netwerk hospitaal of -dagprosedurefasiliteit

- Besoek die Medihelp-webtuiste of die Member Zone by www.medihelp.co.za of gebruik jou Medihelp-app



Spesialissorg

Spesialiste is aan hospitale gekoppel en daarom moet lede seker maak dat hulle behandelende spesialis by 'n netwerk hospitaal werk wat ooreenstem met hulle plan.

Voorafgoedkeuring vir opnames in 'n hospitaal of dagprosedurefasiliteit



Beplande opnames

Kry vroegtydig voorafgoedkeuring vir opnames in 'n hospitaal of dagprosedurefasiliteit



Noodopnames

Kry goedkeuring op die eerste werkdag ná die noodopname



Opnames vir tandheelkundeprosedures

Kontak Dental Risk Company (DRC) om goedkeuring vir opnames te kry.

Tel: 087 943 9618

Email: auth@dentalrisk.com

Jy kan bybetalings vermy deur voorafgoedkeuring vir jou opnames te kry en netwerkfasiliteite te gebruik.

Waar kan jy goedkeuring vir opnames kry?

- Die Member Zone of die Medihelp-app
- E-pos: hospitalauth@medihelp.co.za

Inligting benodig vir voorafmagtiging

- Lidmaatskapnommer en besonderhede van die pasiënt
- Die prosedure- en diagnosekodes (kry dit by die dokter)
- Die behandelende dokter se besonderhede en praktyknommer
- Die besonderhede en praktyknommer van die hospitaal waar die pasiënt opgeneem gaan word
- Die datum en tyd van opname
- Vir sekere prosedures kan bykomende inligting soos mediese verslae, X-strale of bloedtoetsuitslae benodig word. Medihelp se voorafgoedkeuringskonsultant sal aandui wat benodig word
- Besonderhede van die narkotiseur